**OUERGIDS 2024**

Welkom by Divine Kids Speelskool. Hierdie dokument verskaf riglyne en inligting oor ons skool se beleid en algemene inligting.

**VISIE**

By Divine Kids is ons VISIE eenvoudig.  Ons wil ‘n omgewing skep waar elke kind voel dat hy/sy BEHOORT.  Ons skooltjie moet ‘n plek wees waar sy/haar uniekheid geakkomdeer en ontwikkel kan word. Dit is ons droom om gelukkige kinders van hier af na die volgende fase aan te stuur.

**MISSIE**

Ons wil ons Visie deur middel van die volgende bereik:

- ‘n Program waar die meeste vaardighede en leer, deur spel en aktiwiteite aangeleer word.
- Deur ‘n omgewing te skep waar kinders in die vars lug kan klim en klouter.
- Deur ons leer in ‘n sorgvuldige deurdinkte kurrikulum te anker, sonder om vasgevang te word in prosesse wat te vroeg in kinders se lewens op hulle afgedwing word.
- Deur groep-en spanaktiwiteite waar kinders van kleins af leer om saam te werk, te deel en op mekaar staat te maak en te sosialiseer.
- Ondersteuning so te verskaf dat kinders gelei word om die klein teleurstellings te verwerk en as sterker individue daaruit te kom.

**ONS BOUBLOKKE**

1. ‘n Weldeurdagte, stimulerende kurrikulum wat deeglik uitgewerk is volgens die huidige KABV-voorskrifte, maar ook aangepas is sodat dit nie te veel van spel wegneem nie.
2. ‘n Uitstekende toegeruste speelterrein met verskeie areas wat benut kan word vir verskeie aktiwiteite.
3. Uitstekende apparate en speelgoed – binne en buite die klaskamers.
4. ‘n Liefdevolle en ondersteunende span personeel wat al lank deel is van die DIVINE KIDS-span.

Ouers is en was nog altyd welkom om by ons in te loer – ons beskou ons skool, kinders, personeel en ouers as een groot familie.

**TOELATINGSBELEID**

Die voltooide en getekende aansoekvorm, tesame met alle ondersteunende dokumente, moet by die stool ingedien word.

'n Registrasiefooi van R500 is betaalbaar sodra u kind by die skool aanvaar is. Dit is 'n eenmalige, nie-terugbetaalbare fooi.

Aansoekvorms kan by die skool afgehaal word of van ons webwerf: www.divinekids.co.za afgelaai word. Kontak ons gerus om 'n afspraak te maak om ons skool te besigtig. Ons kontakbesonderhede is:

Telefoon: 063 604 5721 of 072 527 7978
E-pos: divkids@icloud.com

**SKOOLURE**

Ons bied halfdag- en voldagsorg aan:

- Halfdagsorg: 07:00 – 13:00 (middagete ingesluit)
- Voldagsorg: 07:00 – 17:30

Aflaaityd is tussen 07:00 en 08:00. Ons het soggens 'n "drop and go"-stelsel in plek om te help met parkering en verkeersvloei in die area.

**SKOOL- EN OPENBARE VAKANSIEDAE**

Ons is op alle openbare vakansiedae gesluit. Ons is elke skoolvakansie oop, behalwe in Desember/Januarie wanneer ons vir 'n kort tydperk sluit. Die datums sal vroegtydig aan u gekommunikeer word.

**SKOOLFOOIE EN BETALINGS**

| KLEUTERS (1-5 JAAR) 2024 | |
|---|---|
| 5 Voldae | R4 320 |
| 5 Halfdae | R3 870 |
| 4 Voldae | R3 500 |
| 4 Halfdae | R3 100 |

| BABAS (3 MAANDE - 1 JAAR) 2024 | |
|---|---|
| 5 Voldae | R4 670 |
| 5 Halfdae | R3 970 |
| 4 Voldae | R3 770 |
| 4 Halfdae | R3 290 |

Skoolfooie is oor 12 maande van die betrokke jaar vooruitbetaalbaar.

- U sal nie 'n rekening ontvang nie - die bedrag is voor of op die 5de van elke maand betaalbaar.
- Geen afslag sal gegee word indien 'n kind afwesig is weens siekte of vakansiereëlings nie.
- Een volle kalendermaand se skriftelike kennisgewing word vereis indien u u kind aan die skool wil onttrek.
- Geen kennis kan vir die laaste kwartaal gegee word nie. Indien kennis vir Oktober of November gegee word, sal die rekeninghouer aanspreeklik wees vir die volle kwartaal se fooie tot einde Desember. GEEN uitsonderings sal gemaak word nie!

- 'n Eenmalige, jaarlikse **opvoedkundige ontwikkelingsfooi van R30**0 **is deur alle kinders** aan die begin van die skooljaar, (of wanneer u kind by ons aansluit), betaalbaar.
- 'n Eenmalige registrasiefooi van **R500** is betaalbaar vir **alle nuwe kinders** met aanvaarding in die skool.

**BANKBESONDERHEDE:**
Naam van rekening: Divine Kids Playschool
Bank: Absa
Tipe rekening: Tjek
Rekeningnommer: 4050400466
Takkode: 335010

**KOMMUNIKASIE**

U sal kwartaalliks ‘n digitale nuusbrief via die klas WhatsApp-groep ontvang. Ander kommunikasie sal ook via die betrokke WhatsApp-groepe geskied. Slegs skoolverwante sake behoort op die WhatsApp-groepe geplaas te word.
Indien u iets met die onderwyser wil bespreek, kontak haar asseblief direk en nie op die klasgroep nie.
Sluit gerus aan by ons Divine Kids Paarl Facebook- en Instagram-rekeninge. Gereelde plasings van ons skoolaktiwiteite sal daarop verskyn. “Like” en deel asseblief ons plasings.

**OP- EN AFLAAI**

Weens verkeer- en parkeerprobleme in spitstye doen ons soggens net 'n “drop and go” by die GROOT GROEN HEK.  Een van die onderwysers of klasassistente sal u kind na sy/haar klas vergesel.

Wanneer u u kind smiddae kom haal, lui asseblief die klokkie by die klein groen hekkie.  Maak asseblief seker dat die hek behoorlik toe is. U word toegelaat om u kind by sy/haar klas te gaan haal.

As iemand anders u kind by die skool kom haal, moet u die klasonderwyser vooraf daarvan in kennis stel, deur óf die skool te skakel, óf per WhatsApp.

**DIE EERSTE SKOOLDAG**

Kinders reageer verskillend op nuwe ervarings. Totdat hulle by hul nuwe skoolomgewing aangepas is, is dit nie ongewoon dat 'n kind huil wanneer hy/sy afgelaai word nie. Wees verseker dat u kleinding  vertroos sal word totdat hy/sy veilig voel.

Ons stel voor dat u voor die eerste dag sy/haar nuwe roetine met u kind bespreek. Om vir hom/haar te sê wat om te verwag, help om angs te verlig. Dit kan 'n week of twee neem vir hom/haar om in sy/haar nuwe omgewing gemaklik te voel.

**KLERE EN WAT OM IN TE PAK VIR SKOOL**

***MERK ASSEBLIEF ALLE KLERE, BOTTELS EN SAKKE MET U KIND SE NAAM***
Trek asseblief vir u kind ouer klere aan, want morsige aktiwiteite is uiters belangrik vir ontwikkeling.

- Kosblik vir 10:00 met peuselhappie
- Water of sap (GEEN gaskoeldrank nie)
- Stel skoon klere en onderklere. As u kind besig is met “potty training” moet daar 2 stelle klere en n paar stelle onderklere ingepak word.

Moet asseblief geen lekkers van Maandag tot Donderdag in die kosblik skool toe stuur nie. Vrydag is bederfdag, en 'n lekker of sjokolade sal toegelaat word. *Om gesond te eet is 'n leefstyl, nie 'n dieet nie.* Ons streef daarna om kinders van 'n baie jong ouderdom gesonde eetgewoontes te leer. 'n Dokument met voorstelle vir gesonde peuselhappies vir kosblikke kan op versoek per e-pos aan u gestuur word.

Ons het 'n streng GEEN-speelgoed-beleid. Speelgoed breek, raak weg en veroorsaak konflik. Moet asseblief geen speelgoed skool toe stuur nie, behalwe as dit 'n troosmiddel is om mee te slaap. Ons aanvaar geen verantwoordelikheid vir verlore, stukkende of vermiste speelgoed nie.

**MAALTYE**

Ontbyt en middagete word daagliks op die perseel voorberei. Die spyskaart sal op 'n Maandag vir die week verskaf word. Geen kind sal toegelaat word om ontbyt of middagete van die huis af by die skool te eet nie. Dit sal slegs om mediese redes toegelaat word. Smiddae sal 'n versnapering voorsien word.

**DAAGLIKSE PROGRAMME**

Elke klas het hul eie daaglikse roetine om by die ouderdom van die kinders te pas. Die daaglikse roetine sal tydens die eerste ouervergadering van die jaar bespreek en uitgedeel word.

**VERJAARSDAE**

Verjaarsdae is baie spesiaal en daarom moedig ons u aan om dit by die skool te vier. Dit is nie verpligtend nie. U is welkom om 'n verjaarsdagkoek/kolwyntjies te stuur. Indien u sou verkies om partytjiepakkies te voorsien, wees asseblief versigtig om nie lekkers wat 'n verstikkingsrisiko inhou, in te sit nie. Geen kougom (byvoorbeeld Pin Pop suigstokkies) nie asseblief. Pak asseblief ook goedjies in wat die kinders self sal kan oopmaak.

**GESONDHEIDSBELEID**

**SIEKTES**

Kinders met ‘n hoë koors of aansteeklike siektes mag nie skool bywoon nie. Ons wil die verspreiding van siektes onder kinders en personeel voorkom. Kinders kan terugkeer skool toe met 'n bevestigende mediese sertifikaat of nadat hulle 24 uur lank geen koors sonder medikasie gehad het nie.

Indien 'n kind siek of beseer word by die skool, sal ouers dadelik in kennis gestel word en versoek word om die kind so gou moontlik te kom haal. HUIDIGE KONTAKINLIGTING IS DUS BAIE BELANGRIK.

**MEDIKASIE**

Slegs voorskrifmedikasie deur n Dr sal by die skool toegedien word.

**BUITEMUURSE AKTIWITEITE:**

Aktiwiteite wat vir die jaar by die skool aangebied word, word deur die aantal inskrywings bepaal. Aktiwiteite vind gedurende skoolure plaas. Gedurende die eerste 2 weke van kwartaal 1 sal alle buitemuurse aktiwiteite by die skool gedemonstreer word. Alle kinders sal aan hierdie demonstrasielesse deelneem. Ná die demonstrasielesse kan u besluit vir watter aktiwiteite u u kind wil inskryf. U sal 'n rooster van die buitemuurse aktiwiteite ontvang.

Fooie vir onderstaande is ekstra en moet direk aan die persoon verantwoordelik vir die spesifieke aktiwiteit gemaak word.

| | |
|---|---|
| Kinderkinetika | 2 – 5 jariges |
| Rugga Roots | 3 - 5-jariges |
| Gimnastiek | 3 - 5-jariges |
| Ballet | 3 - 5-jariges |
| Netbal | 3 - 5-jariges |
| Krieket | 3 - 5-jariges |
| Karate | 3 - 5-jariges |
| Sokker | 3 - 5 jariges |
| Pottebakkery | 3 – 5 jariges |
| Swem | 3 – 5 jariges |
| Leesprogram | Slegs 5-jariges |


**Liesl Malan - Skoolhoof**

**063 604 5721 of 072 527 7978**

**divkids@icloud.com**

**www.divinekids.co.za**

Find us on: facebook Divine Kids Play School and Aftercare Paarl

Divinekidsplayschool